

**Want hierdie
gesindheid...**



**Fil 2:5 Want hierdie gesindheid
moet in julle wees wat ook in
Christus Jesus was**

**BUTTEBLAD SKETS:
VERDUIDELIKING
SOOS
HIERONDER UITEENGESIT !!**

Die Ster Van Dawid.



Open 22:16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. Hiervan is die Dawidster 'n simbool. Dit bestaan uit twee driehoeke wat in mekaar steek. Die een wat na onder wys, na die mens wys, verteenwoordig **God die Vader**, die **Seun van die mens**, en die **Heilige Gees**. Die ander een wat opwaarts wys, stel die mens voor, wat met sy **gees, siel en liggaam**, opreik na God. Dié twee word vir ewig in die Dawidster saamgevoeg, en dié ster is simbool van die Messias, die Verlosser, wat ook op die Israëli landsvlag aangebring is.



SOOS SY MEESTER !!

Luk 6:40 ‘n Leerling is nie bo sy **meester** nie; maar elkeen wat **volleerd** is, sal soos sy **meester** wees.

Die Griekse vertaling wat dan hier as “**volleerd**” vertaal word, word op ander plekke met “**volmaak**” vertaal. Genoemde skrif kan dan so gelees word: “Elkeen wat dus geestelike **volmaaktheid** of volwassenheid bereik het, sal soos sy Meester wees.” Met ander woorde: Die mate van my gelykvormigheid aan die beeld van die Here Jesus, **is die mate van my geestelike wasdom**.

Bovermelde skrif praat van ‘n **leerling** en ‘n **meester**, en bring ons by die gedagte van ‘n skool loopbaan. Ons is hier in **opleiding** en die doel van die Heilige Gees is om ons te **onderrig**, so te leer aangaande die weg, dat ons spoedig sal kom tot ‘n **volwasse man** en die mate van die volle grootte van Christus.

Mat 5:48 Wees julle dan **volmaak** soos julle Vader in die hemele volmaak is.

God die Vader is volmaak in Sy liefde teenoor Sy mensekinders. Net so moet Sy Bruid (Gemeente) volmaak wees in liefde **teenoor mekaar**.

Fil 2:5 Want hierdie **gesindheid** moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Jesus as hoogste en volmaakte voorbeeld van nederigheid en selfverloëning word vir die gemeente **{Sy Bruid}** voor oë gestel, met die oproep dat dieselfde gesindheid ook by Sy gemeente gevind sal word.

1Kor 16:13 Waak, staan in die geloof, **wees manlik wees sterk**.

Soos dapper, moedige manne moet hulle fier en flink optree teen die sonde, en hulle rig na die wil van God.

1Kor 13:11 Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind; **maar nou dat ek ‘n man is**, het ek die dinge van ‘n kind afgelê. **{Geestelik}**

Die verbygaande karakter van die dinge van hierdie bedeling word toegelig met die beeld van die ontwikkeling van ‘n kind tot volwasse man.

1Tim 4:15 Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou **voortgang** vir almal duidelik kan wees.

Leef daarin, eintlik: “**wees daarin**”; dit moet die sfeer wees waarin hy leef en werk.

Efe 6:10 Eindelik, my broeders, **word kragtig in die Here** en in die krag van sy sterkte.

Hulle moet voortdurend met krag versterk word, deur in verbinding te bly met Christus die bron van hulle krag. (Die loot in die Wynstok)

Heb 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, **maar na die volmaaktheid voortgaan** sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,

Fil2:6 Hy, **{Jesus}** wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

‘n **Volwasse** man is iemand in wie Christus al ‘n **gestalte** gekry het. {Gal 4:19} Dit beteken, die gesindheid wat in Christus Jesus was, is ook in hom. Hy doen, praat, en dink soos sy Meester.

Die karaktertrekke van sy Meester kan duidelik waargeneem word, liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing. (JESUS VRUGTE = PRIMA EN UITVOER GEHALTE !)

Volwassenes is die wat geestesvermoëns besit **deur die gewoonte geoefen**, om goed van kwaad te onderskei, tussen heilig en onheilig, tussen rein en onrein. {Eseg 22:26}

Heb 5:12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ‘n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan **melk** en nie aan vaste spys nie.

Heb 5:13 Want elkeen wat **melk** gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy ‘n **kind** is. **Gr = NAY—PEE— OS = “NAP-PY“**

Heb 5:14 Maar **vaste spys** is vir **volwassenes**, vir die wat geestesvermoëns besit **deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.**

1Kor 3:1 En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, **soos met klein kinders in Christus.**

1Kor 3:2 Ek het julle met **melk** gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie,

1Kor 3:3 omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle **jaloersheid** en **twis** en **tweedrag** is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?

VERORDINEER !!

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **{beveel, gelas}** om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Voor die grondlegging van die wêreld is ons geordineer **{beveel, gelas}** om **gelykvormig** te wees aan die **beeld van Sy Seun**.

Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer **{beveel, gelas}** het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

GELOUTERDE GOUD !!

Opb 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop **goud wat deur vuur gelouter is**, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Male 3:3 En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en **hulle louter soos goud en soos silwer**, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring.

Klaag 4:1 Alef. Ag, **hoe is die goud verdonker, die goeie goud verander**, die heilige stene weggegooi op die hoek van al die strate!

Klaag 4:2 Bet. Die kinders van Sion, die kosbares, **wat teen fyn goud geskat was**, ag, hoe is hulle gereken soos erdekruike, die werk van pottebakkershande.

Jesus se opdrag dan aan die lou gemeente van Laodicéa, **is om goud te koop wat deur vuur gelouter is**. {Opb 3:18}

Gelouterde goud is sag en buigbaar, vry van enige **onsuiwerheid**. Goud word hard en minder buigbaar wanneer dit met ander metale (**soos koper, yster of nikkel**) gemeng word. Dan word dit alloori genoem. Hoe meer ander metale bygevoeg word, hoe harder word die goud. En hoe minder ander metale bygevoeg word, hoe sagter en buigbaarder is die goud.

Ons kan dadelik hierin 'n parallel sien. 'n **Rein hart is soos suiwer goud, sag en buigzaam**. **Heb 3:13** sê duidelik dat harte deur die misleiding van sonde **verhard** word. As ons nie ons griewe verwerk nie, sal dit sondige vrugte soos **haat, bitterheid, woede en wrokkigheid** dra. Genoemde bykomstige bestanddele maak ons harte **hard**, net soos byko-

mende metale goud hard maak. Dit verminder of vernietig sagtheid, wat veroorsaak dat daar ‘**n verlies aan sensitiviteit** is. Ons kan nie meer God se stem so goed hoor nie. Ons kan nie meer mooi sien nie. Dit is dan die volmaakte omgewing waarin die mens mislei kan word.

Die eerste stap om goud te louter, is om dit tot ‘n poeier te **maal** en dit met ‘n **smeltmiddel** te meng. Die mengsel word dan in; ‘n smeltkroes geplaas en teen ‘n baie **hoë hitte** gesmelt. Al die ander metale en onsuiverhede styg dan na die oppervlak. Die goud wat swaar is, bly op die bodem. Die onsuiverhede, byvoorbeeld stowwe soos yster, koper, sink, en die smeltmiddel kan dan afgeskep word. Wat beteken dat slegs die suiwer goud agterbly.

DIE GOUDSMID SE WINKEL !!

‘n Sekere paartjie met goeie voornemens om met mekaar in die huwelik te tree, stap by die goudsmid se winkel in en bekyk die pragtige juweliersware onder die dik glasblad. Nadat hulle etlike minute vir die goudsmid gewag het om hulle te help, stap hulle deur na die werksplek waar die goudsmid voor ‘n groot oop pot op die vuur die inhoud intensief dophou. Die kliënt vra: “Meneer ons stel belang in jou juweliersware. Kan jy ons nie asseblief help nie?” Sonder om sy kop op te lig, sê die goudsmid: “Jammer ek kan nie nou hier los waarmee ek besig is nie.” Daarop vra die kliënt: “Waarmee is u besig?” Die goudsmid antwoord: “Ek is besig om hierdie goud te suiwer.” Die kliënt: “Waarom kan u dit nie nou los nie?” Goudsmid: “Die temperatuur moet net op ‘n spesifieke hitte bly. Word dit te warm dan word die goud vernietig. Word dit te koud sal die goud hard word met al die onsuiverhede nog binne.” Klient: “Wanneer sal u dan weet dat dit reg is?” Goudsmid: “**Sodra ek my eie beeld daarin kan sien**, dan is dit reg.”

God suiwer ons met teenspoed, beproewings en moeilikhede. **Die hitte daarvan skei alle onsuiverhede uit**, soos onvergewensgesindheid, woede, toorn, boosheid, twis, jaloesie, haat, partyskap, tweedrag, bitterheid, hebsug, onreinheid, lastering, skinder en kwaadpraat. {Efes 4:31—5:3-4.} **(Die definisie van bitterheid = onvervulde wraak.)** Nou kan God se karakter en Heiligheid in ons groei en waargeneem word.

Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **{beveel, gelas} om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun**, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Voor die grondlegging van die wêreld is ons geordineer om **gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun.**

Onthou jy is God se **model** in die **vertoonvenster** van die lewe, laat ander Jesus in jou sien en jy hoef nie veel te sê nie. Hier sien ons die heerlike waarheid van identifikasie van die beeld in die goudpot. Hy het soos ek geword, sodat ek soos Hy kan word. 'n Beeldhouer en afdruksel van God, been van Sy been en vlees van Sy vlees [Efes 5:30]

Koördigter: “Te wees soos Jesus (x2) Ek verlang te wees soos Hy. So rein en heilig. So sag en nederig. Ek verlang te wees soos Hy.

1 Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in **Hom** bly, behoort self ook so te wandel **soos Hy gewandel het.**

Goud, in die Bybel, is ‘n simbool van Heiligheid.

Die Profeet Jeremia was baie teleurgestel met die volk se **agteruitgang** in Heiligmaking. Net so is die Here ook teleurgestel in die toestand van die hedendaagse kerk wat gemoderniseer en koersaanpassings gemaak het, waar Hy buite die deur van miljoene harte staan en klop en wag dat vir Hom oopgemaak sal word. (Opb 3:20.)

Die goeie goud het sy glans verloor en is verdonker:

Klaag 4:1 Alef. **Ag, hoe is die goud verdonker, die goeie goud verander,** die heilige stene weggegooi op die hoek van al die strate!

Klaag 4:2 Bet. Die kinders van Sion, **die kosbares, wat teen fyn goud geskat was,** ag, hoe is hulle gereken soos erdekruike, die werk van pottebakkershande.

DIE HUIS VAN DIE POTTEBAKKER !

Jer 18:2 **Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebakker,** en daar sal Ek jou my woorde laat hoor.

Jer 18:3 Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker, **en hy was juis besig om ‘n stuk werk op die skywe te maak.**

Jer 18:4 En die voorwerp wat hy besig was om te maak, **het misluk—**soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker—**maar hy het daaruit weer ‘n ander voorwerp gemaak soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak.**

Jer 18:5 Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:

Jer 18:6 Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

Jeremia word deur die Here beveel om af te gaan na die huis van die pottebakker, duidelik sien hy hoedat die pottebakker besig is met 'n voorwerp. Dit het misluk, maar die pottebakker maak 'n ander volmaakte voorwerp en die Here sê: "So sal ek met die huis van Israel doen. Is julle nie in My hande nie?"

Solank as die klei sag is kan die pottebakker iets daarmee doen. Hy kan sagte klei oormak, 'n nuwe voorwerp daaruit maak, hy kan sagte klei vorm en buig soos hy wil. Hy kan sagte klei bewerk op die manier wat dit gedoen moet word. Die Here belof in Eseg 11:19: "Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee." Die eerste wat moet gebeur voordat herskeppings werk gedoen kan word, voordat die wedergeboorte kan plaasvind, voordat heiligmaking beoefen kan word is dat die Here die hart, met ons samewerking, moet sag maak. Dit moet sagte klei word, ten alle koste, al gaan dit gepaard met baie tranes. Die Heilige Gees is gedurigdeur besig om ons te vorm na die beeld van Christus.

"Doen slegs U wil, Heer, U wil met my; U, pottebakker, met my, die klei; Vorm my en maak my net soos U wil; Op U slegs wag ek, needrig en stil."

Die Koordigter: "He washed my eyes with tears that I might see." Dan kan ons selfs byvoeg; "Yes, and He had to melt my heart with tears too, before I was willing to listen to His voice."

HARDE KLEI IS NUTTELOOS !

Sodra die klei hard geword het is dit nutteloos vir die pottebakker, en word die **beeldhouer** benodig. Beeldhouwerk is baie stadig en verg baie moeite, en dit neem baie tyd in beslag asook materiaal. Die beeldhouer begin met 'n groot graniet blok en eindig met 'n baie klein beeld. Baie moet weggekap word, wat dan ook baie tyd in beslag neem.

Voordat daar aan die granietblok gewerk word, sien die beeldhouer duidelik die beeld wat hy daaruit wil kry en weet presies wat hy wil hê {Micheal Angelo}. Die graniet moet hou vir hou weggebeitel word, en die proses kan miskien baie jare duur. Dit is dan die rede waarom baie kinders van die Here soms besonder swaar kry in hulle geestelike lewe. Elke hou van die hamer op die koubeitel is 'n pyniging. Die Here kan nie as pottebakker hier optree nie, maar moet as beeldhouer begin werk.

As ons vir hom 'n harde hart gee, dan moet Hy Sy hamer en beitel neem, en die beeld wat dan te voorskyn kom is nie so fyn soos die een wat uit sagte klei gevorm is nie. Die beeld van Jesus kan duidelik gesien word in 'n sagte teer hart wat deur die pottebakker gevorm is.

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **{beveel, gelas} om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun**, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Efes 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.

Die beeld in die beeldhouer se gedagte is: **“Die Beeld van Sy Seun”**. Kap maar Here, ek moet soos my MEESTER wees.

Luk 6:40 'n Leerling is nie bo sy **meester** nie; maar elkeen wat **volleerd** is, sal soos sy **meester** wees.

'n Sendeling het met 'n klompie rou heidene oor die Here Jesus gepraat. In kinderlike eenvoudigheid vra een van hulle toe: “Meneer, die Here Jesus van wie u ons vertel, is HY soos u, lyk HY soos u, en praat HY soos u?”

Koordigter;

Te wees soos Jesus (x2) Ek verlang te wees soos Hy,
So rein en heilig. So sag en nederig. Ek verlang te wees soos HY.

Jer 23:29 Is my **woord** nie só, soos 'n vuur, spreek die **HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?**

ONS MEESTER !

- (1) Toe **Hy uitgeskel was**, het Hy nie terug geskel nie.
- (2) Toe **Hy gelei het**, het Hy nie gedreig nie.
- (3) **Hy is mishandel**, hoewel Hy nie onderworpe was nie.
- (4) **Soos 'n Lam na die slagplek gelei**, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.
- (5) **Soos 'n skaap stom voor sy skeeders**, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.

Steek maar die swaard (WOORD) in Here, moenie spaar nie.

Hebr 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die

skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoor-
delaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

DAN SÊ DIE MEESTER !

Jes 51:1 Luister na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat die HERE
soek! **Aanskou die rots waaruit julle gekap is** en die holte van
die put waaruit julle gegrawe is.

Eseg 3:9 Jou voorhoof maak Ek hard soos 'n diamant, **harder as 'n
rots**; jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie,
omdat hulle 'n wederstrewige huis is.

Psm 18:3 **Die HERE is my rots** en my bergvesting en my redder; my
God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my
rotsvesting.

**{Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat in Christus
Jesus was. Fil 2:5 }**

Fil 4:5 Laat julle **vriendelikheid** aan alle mense bekend word. Die
Here is naby.

DIE WYNSTOK = GEESTELIKE VOORREGTE !

Joh 15:1 Ek is die ware **wynstok**, en my Vader is die **landbouer**.

Joh 15:2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; **en elke
loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug
kan dra.**

Joh 15:3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek
het.

Joh 15:4 Bly in My, soos Ek in julle. **Net soos die loot geen vrug
kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie**, so julle
ook nie as julle in My nie bly nie.

Joh 15:5 **Ek is die wynstok, julle die lote.** Wie in My bly, en Ek in
hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

Joh 15:6 **As iemand in My nie bly nie**, word hy uitgewerp soos die
loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur,
en dit verbrand.

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat
julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Joh 15:8 **Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra;**
en julle sal my dissipels wees.

'n Wynstok moet 'n landbouer hê om hom te plant en te bewaak, om vrug
te ontvang en daarvoor bly te wees. Jesus sê: "My Vader is die landbouer."
Hy was die Wynstok wat God geplant het. Alles wat Hy was en gedoen
het, was Hy aan Sy Vader verplig; en in alles het Hy Sy Vader se eer en

heerlikheid gesoek. Hy het die ware Wynstok geword, sodat ons die ware lote kan word. Ek is die ware Wynstok. Alles wat die wynstok ooit vir die loot kan wees, wil Ek vir julle wees.

Daardie Wynstok het uit die Hemel na die aarde gekom en is op die kruis -prieël vasgespyker, waarvandaan Hy om die hele wêreld rank en vrugte dra. Die lewensap van die ware Wynstok, is die Heilige Gees self voorgehou in die Bybel as die Lewende water. Sy Bloed is gestort en nou vloei die sap van die lewe, die Heilige Gees, die Lewende water van God uit die hemel deur Jesus tot ons, en voorsien aan ons, deur Hom, die vrug van die Heilige Gees. Elke loot is dus afhanklik van die sap van die Wynstok vir oorlewing, en kan nie onafhanklik voortleef nie.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; **want sonder My kan julle niks doen nie.**

‘n Loot is eenvoudig ‘n stuk hout, voortgebring deur die wynstok vir die een doel om hom te dien deur sy vrugte te dra. Dit is van dieselfde aard as die wynstok, en het dieselfde lewe en gees. Die loot bestaan vir een doel, die een taak waaraan hy hom volkome wy. Dit is om vrug te dra wat die wynstok wil hê. Net so het die kind van die Here ook maar net een rede waarom hy ‘n loot is, en net een rede vir sy bestaan op aarde, dat die Hemelse Wynstok deur hom Sy vrug mag dra. **(Word die loot vervolg, dan word die Wynstok ook vervolg. Hand 9:5)**

Prima, uitvoer produkte van die Heilige Gees vrug sal wees dat jou medemens ook kan kom korrel. So moet die karaktertrekke van die Wynstok ook in die loot waargeneem word **{JESUS VRUGTE}**. Elke weergebore kind van God is veronderstel om gedurig daarvan te eet en te geniet, dag en nag, solank as wat die Heilige Gees vloei, vier en twintig uur per dag. Voordurend is Hy besig met sy aflewering, sy voorsiening, sy aanbidding, sy prima hemelse produk en ons is veronderstel om dit te eet en te geniet en versadig te word, en so die geaardheid van die **Wynstok (JESUS)** deelagtig te word. Al daardie kwaliteite is kenmerke van Sy lewe in ons, en al daardie vrugte was in Sy lewe duidelik sigbaar.

Fil2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Jesus vrugte !
Is Prima en Uitvoer Gehalte.



Joh 15:2 “ Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg;”

Wat wil die Here vir ons sê oor vrug ? Eenvoudig dit — dat die vrug die een ding is waarvoor die loot bestaan, en dat as hy nie vrug dra nie, dan neem die landbouer hom weg. **{Elke loot wat weggeneem word, was dus in die Wynstok gewees.}**

Die Wynstok is die heerlijkheid van die Landbouer, die loot is die heerlijkheid van die Wynstok; **die vrug is dan die heerlijkheid van die loot.** As die loot geen vrug voort bring nie, is daar geen heerlijkheid of waarde in hom nie; hy is ‘n aanstoot en ‘n hindernis vir die landbouer wat dan weggeneem word.

Vers 6 (b) En hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand.

Die vrug wat die loot dra is nie vir homself nie, maar vir sy eenaar. Vrug wat versamel en weggeneem moet word {Uitvoer gehalte}. Die loot ontvang inderdaad van die wynstok sap vir sy eie lewe, waardeur hy dikker en sterker groei. Die hoofdoel van die loot is om vrug te dra, sodat wanneer die landbouer die blare wegdruk, Hy die pragtige uitvoer gehalte vrug sal sien. Laat ons dan waak teen die gevaar van ‘n **vruglose lewe.**

Ons het in die gelykenis van die wynstok en die lote die wonderlikste, die diepste, en heerlikste van al die treffende gelykenisse van die Here Jesus. Dit laat ons dink aan **Efes 5:30** " Want ons is lede van sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene" {Ons is in 'n werklike, letterlike eenheid met Jesus Christus.} **1 Kor 6:17** "Wie die Here aanhang, is een gees met Hom." **Een gees!** Hy woon deur die Gees in my gees, verkwik en versterk my gees. **1 Kor 2:10** "Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."

Die uitstaande heerlijkheid van die lote is seker hulle eenheid met die wynstok, en hulle eenheid met mekaar. Ons het hier weer ‘n voorstelling van die Here Jesus as **een met Sy Bruid**, en die Bruid **een met mekaar in Hom.**

Die lote van die wingerdstok verskil van mekaar. Sommige is dik, ander dun; sommige is lank, ander kort; sommige het meer blare, ander minder. Ons sal nêrens in die wêreld 'n wingerdstok kry waarvan twee lote in alle opsigte eenders is nie. En tog maak hulle nie onder mekaar rusie nie. Almal harmoniseer in die wynstok.

In die Hoëpriesterlike gebed van Jesus [**Joh 17**] bid Hy **sewe maal** tot die Vader vir: **“DIE WAT U MY GEGEE HET”** min of meer dieselfde woorde "Ek bid vir hulle". Dat Hy drie-en-veertig maal die woord ‘HUL-

LE' gebruik. Die onsigbare en tog onmisbare deel van die wingerdstok is die sap wat gedurig uit die wortels deur die stam, lote en elke blaar vloei. Die ware loot het die ware wynstok se natuur. Die strome van lewende water hou nooit op om deur te vloei nie, omdat hy nooit ophou om te ontvang nie. Die lewe van die wynstok, die sap, vloei uit deur die lote in die vorm van druiwe. Die lewensap van die ware WYNSTOK, is die Heilige Gees self, voorgehou in die Woord as die lewende water. **Die lote is daar om die wynstok te verheerlik en hulle doen dit deur vir die wêreld heerlike, geurige ryp druiwe te gee. (Die uitvoer druiwe van die Heilige Gees.)**

JESUS die WYNSTOK het uit die hemel na die aarde gekom en is op die **kruisprieël vasespyker**, waarvandaan **HY om die hele wêreld rank** en vrugte dra van verlossing, vrymaking en genesing tot 'n aange-name geur. (**Gal 5:22** Maar die vrug van die Gees is **liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.**) **Jesus vrugte, uitvoer gehalte.** Elke weergebore kind van God is veronderstel om gedurig daarvan te eet en te geniet, dag en nag, solank as wat die Heilige Gees lewe vloei, en dit is vier en twintig uur per dag. **Prima Vrugte.** Nou word daar aan **u wingerd gekorrel** deur u **medemens**, dié in die kerk, **u mede broeder en suster in die Here, familie en vriende.** Hulle korrel die **liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing.**

Fil2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Luk 6:40 'n Leerling is nie bo sy **meester** nie; maar elkeen wat **volleerd** is, sal soos sy **meester** wees.

DIE GEESTELIKE SNOEISKÊR !

Joh 15:2 Elke loot wat vrug dra, **die maak Hy skoon**, sodat dit meer vrug kan dra. Die belangrikste sorg van die Landbouer is die snoeiwerk. Die snoeiwerk moet gedoen word sodat dit **goeie en meer vrug moet dra.** Snoei en skoonmaak is nie die verwydering van onkruid, dorings en distels wat van buite af kom nie. Dit is nie sonde nie, dit is die afsny van die lang-ranke van die vorige jaar, die verwydering van iets wat van binne af kom. Hoe kragtiger die groei was, hoe groter die behoefte aan snoei. Dit is die eerlike gesonde hout van die wynstok wat moet weggesny word. Ek moet minder word sodat Jesus Christus in my gestalte kan kry. Alles wat nie saamgaan met verordening aan die beeld van Christus Jesus nie, moet weggesny word. Hoe deegliker die reiniging en wegsnyding van

alles van 'SELF', hoe meer onverdeeld sal ons oorgawe aan die leiding van die Heilige Gees wees. Mag ons Heilige Landbouer reinig en wegsny alles wat in ons 'n mooi vertoning wil maak, of wat 'n bron van selfvertroue en **selfverheerliking** kan word. Here, hou ons baie laag sodat geen vlees mag roem voor U aangesig nie. Hy wie homself verneder sal verhoog word.

Dit is die WOORD VAN GOD wat die **snoeiskêr** is.

Hebr 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige **tweesnydende swaard**, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Koördigter: "Niemand soos U Heer niemand soos U. U hou my nederig, U hou my trou. Regdeur die lewe, sal U my lei. Niemand soos U Heer, niemand soos U.

DIE VERDROOGDE LOTE !!

Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, **word hy uitgewerp soos die loot en verdroog**, en hulle maak dit bymekaar en **gooi dit in die vuur, en dit verbrand**.

Iemand kan in 'n verhouding met Christus wees en selfs vrug dra, en tog kan hy uitgewerp word. Wanneer hy nie in Christus bly nie, kan hy verdroog en uitgewerp word soos die loot, wat lei tot verbranding. Daar bestaan wel so iets soos 'n verdroogte loot; iemand wat die blydschap, liefde en vreugde van die Wynstok eenmaal in sy lewe ervaar het, en verdroog het. **Elke loot wat dus verdroog het, was in die wynstok gewees!** Die rede vir die uitwerping is, dat dit **geen vrug dra nie**. Baie duidelik stel Jesus dit in **vers 2** ; Dat elke loot wat nie vrug dra nie **neem Hy weg. Vers 6: Droë lote is bestem vir die vuur (hel) en verbranding**. Die keuse berus by die loot of hy in die WYNSTOK (JESUS) wil bly aldan nie. Dit is onmoontlik vir enige loot om te kan bly voort bestaan onafhanklik van die WYNSTOK. Hy is verdroog sonder vrug en sonder lewe. Dit is die WYNSTOK wat die LEWE gee. **(Joh 14:6 (b) EK- "JESUS" is die weg en die waarheid en die LEWE. (Joh 6:63)** Dit is die **GEES** wat lewend maak ..

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **{beveel, gelas} om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun (Die WYNSTOK)**, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Die rank kan nie uit homself druiwe voortbring nie, dis onmoontlik. Die geheim van die rank se lewe lê in **kontak met die WYNSTOK**.

{Fil2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.} Die gesindheid van Jesus Christus is nie opsioneel nie, dit is 'n Bybelse bevel.

WANT JULLE IS 'N AANGENAME GEUR !

2Kor 2:14 Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die **reuk van sy kennis deur ons oral versprei**.

2Kor 2:15 **Want ons is 'n aangename geur van Christus** tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan;

2Kor 2:16 vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die **eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe**. En wie is tot hierdie dinge bekwaam?

Die apostel Paulus praat hier van die reuk van Christus se kennis Dit is die lewende Woord. **Dit is 'n aangename geur wat God deur ons versprei tot Sy eer**, en dit is hierdie geur en hierdie reuk wat lewe en besieling vir die mensdom inhou.

Die ongelowiges wat verlore is, ruik ons triomfantlike lewe in Christus. Vir hulle is dit 'n reuk van die dood tot die dood in ons teenwoordigheid. Dit wil sê hulle ruik hulle eie verlorenheid en aankomende verderf in die arena van verdoemenis. Ons wins bevestig hulle verlies. Vir ons almal wat oppad is Hemel toe, **vir die oorwinnaars, het ons 'n aangename geur en ruik ons baie lekker**. Vir die oorwinnaars is ons 'n reuk van die lewe tot die lewe. Laat ons, ons altyd beywer vir die aangename geur van Jesus tot eer van God. **En dat ons ook vir ons medemens sal lekker ruik** met die gesindheid van Jesus.

Die prisoniers wat elke dag op die **roosplaas** gaan werk het, het in die aand, as hulle teruggekeer het na die gevangenis daardie lieflike **rose geur**, wat in hulle klere was saamgebring en die gevangenis daarmee gevul. **Wat 'n lieflike AROMA !**

JESUS SELF HET OOK 'N LIEFLIKE GEUR !

Efes 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n **lieflike geur**.

RUIK HY NIE OOK VIR U LEKKER NIE ? DIE SOET ROOS VAN SARON. HIERDIE JESUS VAN GOLGOTHA !!

Dit word gesê dat die geur van 'n **lemoenbloeisels** eers waarlik na vore kom wanneer daardie bloeisels gekneus word en tussen die hande gevryf

word. So het die soet geur van Christus se Goddelikheid na vore gekom toe die druk op Hom die ergste was. **Hoe dikwels handel ons as kinders van die Here nie net teenoorgesteld nie.** Ons mag miskien wel sê dat ons nie anders kon nie! Die druk op ons was net te veel. Mag die Here ons genade gee om onder watter omstandighede ook al, **altyd die gesindheid van Jesus te openbaar.**

Jes 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, **en Hy het sy mond nie oopgemaak nie;** soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word en soos ‘n skaap wat stom is voor sy skeerders—**ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.**

Ons sien ook hierdie pragtige gesindheid in Stefanus, die eerste martelaar vir Jesus. In **Hand 7:55** lees ons: “Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.” **En in die 59 en 60 ste vers sê die Woord: “En hulle het Stefanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees en hy het op sy knieë geval en met ‘n groot stem uitgeroep: Here reken hulle hierdie sonde nie toe nie!”** En met hierdie woorde het hy ontslaap.”

Daar kan seker nie ‘n mooier voorbeeld op aarde wees van vergewensge - sindheid en van totale bevryding van bitterheid, as wat Stefanus hier aan ons geopenbaar het nie.

Fil:2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

DIE FLESSIE NARDUSSALF !

Mark 14:3 En toe Hy (JESUS) in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar ‘n vrou met ‘n albaste fles met egte, **baie kosbare nardussalf;** en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.

Mark 14:4 En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?

Mark 14:5 Want dit kon vir meer as **drie honderd pennings ver - koop** en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar.

Mark 14:6 Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het ‘n goeie werk aan My gedoen.

Mark 14:7 Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie.

Mark 14:8 Wat sy kon, het sy gedoen. **Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf.**

Joh 12:3 En Maria het ‘n **pond {Halfliter} egte, baie kosbare nar-**

dussalf geneem en **die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare**. En die huis is vervul met die reuk van die salf.

Jesus het ses dae voor die Pasga na Betanië gekom waar Lasarus was, wat Hy uit die dood uit opgewek het. 'n Maaltyd was dan daar vir Jesus berei, waarby Martha hulle bedien het met Lasarus ook teenwoordig.

Uit dankbaarheid teenoor Jesus, besluit Maria om Jesus te salf omdat Hy Lasarus haar broer uit die dode opgewek het. Om die hoof van Jesus te salf was nie vreemd nie. Om die hoof van 'n gas te salf was 'n erkende hoflikheids gebaar. Wat wel vreemd was is dat sy die voete van Jesus ook gesalf het. Hierdie verhaal speel hom af feitlik teen die einde van Jesus se aardse bediening, net kort voordat Hy in hegtenis geneem en gekruisig is. Die gebeurtenis het hom afgespeel in die klein dorpie Betanië {= **Huis van dadels**} geleë digby Jerusalem aan die oostekant van die stad, teen 'n afwaartse helling van die Olyfberg.

By die geleentheid aan tafel was die twaalf dissipels, Lasarus wat Hy uit die dood opgewek het, Simon die melaatse, Lasarus se susters Martha en Maria, en dan die Here. Dus ten minste sewentien mense. Dit is nogal verbasend hoe dikwels Jesus tydens Sy aardse bediening genooi was om te gaan uiteet, en die uitnodigings nooit weggewys het nie.

Die kleur van die salfolie is lig met 'n skynsel van **ROSE-ROOI**. Nardus word vervaardig van die fyngestampte wortel van die nardusplant wat in Noord Indië groei, en dan ten duurste verkoop word deur die speseryhandelaars, wat dit op die mark in Jerusalem te koop aangebied het. Een pond **Nardus Olie 'n {halfliter} was vir die bedrag van drie honderd pennigs verkoop {drie honderd silwer muntstukke.}** Dit was gelyk aan die totale jaarlikse inkomste van 'n gemiddelde arbeider. Maria bring 'n halfliter-flessie te voorskyn. **Sy breek die lang dun nek-kie van die glasflessie af**, en giet die hele welriekende inhoud met volle oorgawe op Sy hoof uit en nie druppel vir druppel nie. Die aangename reuk van die nardus word nou versprei deur die hele huis. Wat 'n lieflike AROMA! Die ROSE—ROOI Nardus vloeï oor Jesus se hare, oor Sy baard, en drup teen Sy gesig af. Maria neem nou van die oervloedige Nardus van Sy hoof, kniel neer en wend dit aan Sy voete. Jesus is van Sy hoof tot by Sy voete met die ROSE—ROOI Nardus gesalf. In haar knielende posisie begin sy om Jesus se voete met haar hare af te droog. **Die Nardus AROMA kleef aan haar hande, aan haar hare en hart.** Dit is die geur van liefde wat hier geruik word. Maria het haar siel voor Jesus uigegiet. Wat 'n toonbeeld van nederige liefde aan die GESALFDE VAN GOD.

Die breek van die albaste fles is **Sy liggaam wat vir ons gebreek was.**

Die kleur van die **Rose -Rooi Nardus** spreek mee met die kleur van SY BLOED wat vir ons uitgestort was. Die hoof en hare van Jesus glinster Rooi onder die Rose - Rooi Nardus simbolies van die wonde van Die Doring Kroon.

WANT JULLE IS 'N OPE BRIEF !

2Kor 3:2 **Julle is ons brief**, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense;

2Kor 3:3 **omdat julle duidelik 'n brief van Christus is** deur ons diens berei, **geskrywe nie met ink nie**, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, **maar op die vleestafels van die hart.**

Die gemeente in Korinthe het deur die prediking van Paulus tot stand gekom en dien gevolglik as sigbare bewys van sy diens, tot eer van God **“Julle is ons brief**, geskrywe in ons harte.” Die gemeente is ingegreif in die hart van die apostel, sodat hy self net sy hart hoef te raadpleeg om bevestiging vir sy dienswerk vir die Here te verkry. **Geken en gelees deur alle mense**; die bestaan van die gemeente is 'n brief wat kosbaar en leesbaar is vir almal, dit wil sê die brief is tenvolte geopenbaar vir alle mense.

Geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die Lewende God: nie van verbygaande aard nie, tydelik en betreklik nie, maar blywend Goddelik en volstrek gesaghebbend en gedikteer deur die Gees van die ewige God en Hemelse Vader. **Nie op kliptafels nie maar op die vleestafels van die hart.** Voorheen het God Sy wet met Sy eie vinger op klip-tafels geskrywe en aan Moses oorhandig. Huidiglik skryf Hy met Sy Gees op die vleestafels van ons harte.

Hebr 9:2 Want die **tabernakel** is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word;

Hebr 9:3 en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die **Allerheiligste**,

Hebr 9:4 waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, **waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond**;

Binne in die verbondsark wat in die **Allerheiligste** gestaan het was daar vier voorwerpe; die goue kruik, die staf van Aäron en die twee tafels van klip.

(1) Die goue kruik met die manna was 'n afbeelding en skaduwee van die ware, **Lewende Brood** wat uit die Hemel neergedaal het (Joh 6:51). Jesus sê vir die Jode, "Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en gesterwe. Ek is die LEWENDE BROOD wat uit die Hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid" (Verse 49,51) Hierdie brood is die vlees en die bloed van die Seun van die mens (Vers 53).

So dikwels wanneer ons sakrament van die nagmaal vier, geniet ons van die ware hemelse manna.

(2) Die staf van Aäron was 'n afbeelding en skaduwee van die dood en opstanding van Jesus Christus. Op bonatuurlike wyse het die staf van Aäron in een nag **amandel** bloeisel laat uitspruit, blomme laat oopgaan en **amandels laat ryp word**. {Sewe Ryp Amandels}

Jes 11:1 Maar daar sal 'n **takkie uitspruit {JESUS}** uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;

Jes 11:2 en op Hom sal die (1) **Gees van die HERE rus**, die Gees van (2) **wysheid** en (3) **verstand**, die Gees van (4) **raad** en (5) **sterkte**, die Gees van (6) **kennis** en van die (7) **vrees van die HERE**.

(3) **Die twee kliptafels** van die Tien Gebooe was 'n afbeelding en skaduwee daarvan dat die **GELOWIGES 'N BRIEF VAN JESUS CHRISTUS IS**. {Die inwonende Woord}

2Kor 3:2 **Julle is ons brief**, geskrywe in ons harte, geken en geles deur alle mense;

Op die berg Sinai het God met Sy vinger op die tafels van klip geskryf (Exo 31:18). In die Hemelse Tabernakel word met die Gees op die vleestafels van ons harte geskryf.

2Kor 3:3 **omdat julle duidelik 'n brief van Christus is** deur ons diens berei, **geskrywe nie met ink nie**, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, **maar op die vleestafels van die hart**.

God se wil is nou in ons harte geskryf, ons is **lewende briewe** van Jesus Christus. Die wêreld lees nie die Bybel nie, hulle lees ons lewe.

Net so is die Bruid {Gemeente, Ekklesia, van Jesus, ons komende Bruidegom} dan ook 'n opebrief geopenbaar vir almal, en wat deur almal geles word.

Kol 3:16 **Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid**. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

Jos 1:8 Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; **maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan;** want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

Hand 17:11 En hierdie mense (**van Beréa**) was edelmoediger as dié in Thessaloníka; **hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.**

Fil2:5 **Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.**

Luk 6:40 ‘n Leerling is nie bo sy **meester** nie; maar elkeen wat **volleerd** is, sal soos sy **meester** wees.

WANT ONS IS ‘N SKOUSPEL !

1Kor 4:9 Want dit lyk vir my dat God ons apostels die laaste plek aangewys het as tot die dood veroordeel; **want ons het ‘n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.**

Die Griekse woord wat dan hier met SKOUSPEL vertaal word is **Theatron**. Dit is ook die woord waar ons woord ‘**Teater**’ vandaan kom. **{Dake’s Annotated Reference Bible}** Dit was die openbare arena in die antieke tyd waar mense saamgekom het om na skouspele en ander tonele en dramas te kyk wat afgespeel het. **In die vroeë Christelike era was dit dikwels die Christene wat in hierdie arenas vir uitgehongerde roofdiere gegooi is terwyl die menigtes dit aanskou en geniet het.**

Nou sê Paulus dat die lewe van ‘n Christen ook as’t ware in ‘n arena afspeel, jou eie lewensarena: “Want ons het ‘n skouspel geword....”. En dat daar ook toeskouers is. In bovermelde skrif sien ons dat die toeskouers uit twee wêrelde is waarin ons leef: **Mense; die fisiese wêreld, en engele; die geesteswêreld.** So het elke mens, en veral die kind van God, gedurig toeskouers wat hom dophou. Van die wieg tot die graf is ons lewe soos ‘n drama wat afspeel in ‘n arena, ‘n arena met permanente toeskouers, onophoudelik.

Ons is almal tot ‘n mindere of meerdere mate bewus van **menslike toeskouers** op die pawiljoene van ons lewensarena, maar ons is selde of ooit bewus van die feit dat daar ook **toeskouers uit die geesteswêreld** is wat met groot belangstelling elke beweging en elke woord van ons lewensdrama volg. Bedoelende **engele van die Here**, asook die **demone van Satan.**

BESKERM-ENGELE !!!

Die vraag wat deur baie mense gestel word:

Het elke mens 'n bewaarengel wat jou daagliks beskerm en oppas?

Hierdie gedagterigting vind reeds sy bestaan voor die tydperk van die apostels. Dit was toe die volksgeloof, dat elke mens 'n beskermengel het wat jou ewebeeld is.

Dus lees ons toe Petrus, nadat hy bevry is deur die engel, hom haas na die huis waar die dissipels vir sy vrylating bid en dringend aan die deur klop. 'n Diensmeisie met die naam van Rhodé gaan toe om die deur oop te maak en verneem wie dit is. Toe sy die stem van Petrus herken het sy van blydschap die deur nie oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en hulle vertel dat Petrus voor die poort staan. Maar hulle sê vir haar: "jy is van jou verstand af." Maar sy het volgehou dat dit so is. Daarop sê hulle: "DIT IS SY ENGEL" (Hand 12 vers 1-15) Reeds hier kom die gedagte van 'n bewaarengel te voorskyn. Vandag huldig nog baie mense genoemde sienswyse.

Geen mens mag tot engele bid nie, ons kan wel die HERE vra om sy engele te stuur om ons te bewaar en die HERE sal SY engele dienooreenkomstig opdrag gee. Geen goddelose is bestand teen hierdie heilige en magtige wesens nie. **"Psm 91:11 want HY sal SY engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar.** Engele neem geen bevele van mense.

Beskerm mense:

Psa 34::8 Get. Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.

Psa 91:11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.

Waarsku teen gevaar:

Mat 2:13 En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar 'n engel van die HERE in 'n droom aan Josef en sê: **Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê;** want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.

Bring goeie tyding van redding:

Luk 2:10 En die engel sê vir hulle: **Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die**

hele volk sal wees,

Verwyder die steen voor Jesus se graf:

Mat 28:2 En daar kom ‘n groot aardbewing, want ‘n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

Dra ontslape weergeborenes na die hemel:

Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

Spoedig was die honde wat Lasarus se swere gelek het, vervang met die engele van God wat hom weggedra het na sy ewige tuiste in die paradys. Engele staan dan ook gereed by die sterfbed van elke weergebore kind van God, om hom weg te dra na daardie Goudstad in die derde Hemel, sy ewige verblyf. Van die oomblik van geboorte totdat die kis in die graf sak is daar toeskouers.

1Kor 4:9; want ons het ‘n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.

{**Fil2:5** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.}

DIE KIND VAN GOD SE SPRAAK! Sjobbolet—Sibbolet.

Rigt 12:4 Daarop versamel Jefta al die manne van Gílead om teen Efraim te veg; en die manne van Gílead het Efraim verslaan, omdat hulle gesê het: Julle, Gileadiete, is vlugteling van Efraim, in die midde van Efraim en Manasse.

Rigt 12:5 En Gílead het die Efraimiete van die **Jordaan-driwwe** afgesny; en as die vlugteling van Efraim sê: Ek wil deurga—dan vra die manne van Gílead vir hom: Is jy ‘n Efraimiet? As hy sê: Nee,

Rigt 12:6 dan vra hulle hom: **Sê bietjie: Sjobbolet!** En as hy sê: **Sibbolet! en nie ag gee om dit reg uit te spreek nie**, dan gryp hulle hom en maak hom by die Jordaan-driwwe dood. So het daar dan in dié tyd van Efraim twee en veertig duisend man geval.

Jefta was ‘n Gileadiet en Rigger wat Israel ses jaar lank gerig het. Die Gileadiete het die Efraimiete by die Jordaan driwwe afgesny. Indien die Efraimiet sy burgerskap ontken, word hy aan sy spraak geïdentifiseer deur te vra dat hy moet sê: **“Sjobbolet!”** Indien die uitspraak fout-tewelk uitkom naamlik **“Sibbolet”**, het hy met sy lewe geboet.

TERMOMETER OF TERMOSTAAT CHRISTENE !!

Baie Christene reageer soos 'n **termometer**. Die temperatuur styg as dit warm is en daal as dit koud word. Sommige Christene kan so maklik warm word by 'n byeenkoms. Hulle sing en bid saam en kom besonder geestelik voor. As hulle hul egter 'n dag later tussen die sondaars bevind, daal die kwik van hulle geloof na die peil van die wêreld af. Hulle gee dan 'n onduidelike en foutiewelike spraak "**Sibbolet**". **Termometer - Christene** wat hul geloof aanpas by omstandighede. Gelowiges behoort eerder soos 'n **termostaat te funksioneer**. Die termostaat pas hom nie by sy omgewing aan nie, maar reguleer juis sy temperatuur. **Termo-staat gelowiges** behoort die hitte van hul omgewing te bepaal. Die uitspraak sal altyd korrek en duidelik hoorbaar wees "**Sjibbolet**"! Dit sal kritiek of selfs haat uitlok. So 'n soort vervolging is dan 'n teken van ware en egte dissipelskap.

Male 3:18 Dan sal julle weer die **onderskeid sien** tussen die **regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie**.

So ver wag die Here dat daar 'n duidelike onderskeid en uitspraak moet wees tussen die Termometer Christene "**Sibbolet**", en die Termostaat Christene "**Sjibbolet**"!

Vers 4 Die naam **JEFTA** beteken "**God maak oop**"! Vertrou op die Here dat wanneer u die uitspraak "**Sjibbolet**" moet gee, Hy u mond sal oopmaak vir 'n duidelike en korrekte spraak wat die **gesindheid van Jesus in u sal openbaar**.

Sjibbolet; beteken "**Stroom**" **Joh 7:38** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei**.

VARSEN BITTER WATER !!

Jak 3:8 Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.

Jak 3:9 Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.

Jak 3:10 Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. (Die spraak is "**Sibbolet**" foutief !)

Jak 3:11 'n **Fontein** laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water oopborrel nie? (Dit openbaar nie die gesindheid van Jesus nie !)

Matt 15:11 Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein. = {**Sibbolet**}

Matt 15:18 Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart,

en dit is dié wat die mens onrein maak.

(Vloek, vuiltaal, laster, lieg, vuilgrappe, twis, woede, bitterheid, haat, ydelheid, ligsinnigheid, onvergewinsgesindheid, kwaadpraat, en skinder is foutiewe uitspraak, en nie die gesindheid van Jesus nie. = “**Sibbolet**”.)

Efes 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net ‘n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor. = {**Sjibbolet**}

Efes 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

Efes 4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. = {**Sibbolet**}

Efes 4:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. {**Sjibbolet**}

Efes 5:1 Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;

Efes 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as ‘n gawe en offer aan God **tot ‘n lieflike geur**.

Efes 5:3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;

Efes 5:4 **ook nie gemeenheid** {=Laagheid en Veragtelikheid} **en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.**

Fil 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, **maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.**

Fil 2:4 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, **maar elkeen ook na die ander s’n.**

As die groot God wat ons dien dan in ons woon, dan moet Hy tog sekerlik iewers uitsteek !

Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

Rom 8:11 **En as die Gees van Hom** wat Jesus uit die dode opgewek het, **in julle woon**, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Agt van die tien-gebooue begin met ‘**Jy mag nie**’. God wil hê dat ons as Sy kinders anders moet wees. Hoe verder ons op die pad van Geregtigheid gaan hoe meer dinge word vir ons sonde, omdat die weg van God al nouer raak. En hoe verder jy van God af weg beweeg, hoe meer dinge word vir jou aanvaarbaar.

VERGEWENSGESINDHEID, IS DIE GESINDHEID VAN JESUS !

Matt 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?

Matt 18:22 Jesus antwoord hom: **Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.** { $70 \times 7 = 490$ }

Luk 17:3 Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom.

Luk 17:4 En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig **en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou—moet jy hom vergewe.**

{ $7 \times 365 = 2,555$ keer per jaar vir, 'n enkel broeder of suster! }

As u nie vergewe nie; kan u ook nie Genesing ontvang nie.

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

Manne! Jul onverstandige optrede teenoor jul huweliksmaat; kan die rede wees vir jul onbeantwoorde gebede.

1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, **verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag**, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—**sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.**

Matt 6:14 Want as **julle die mense hulle oortredinge vergewe**, sal julle hemelse **Vader julle ook vergewe.**

Matt 6:15 Maar as **julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie**, sal julle **Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.**

Mark 11:25 **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het.** sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.

Kol 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos **Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.**

Die gesindheid van Jesus is nie opsioneel nie, dit is 'n Bybelse bevel. “AMEN—AMEN—AMEN !!! “

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Die deur kan slegs van die binnekant af oopgemaak word !!!



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag.

Hand 17:30 God het dan die tye van onkunde oorgesien

Tit 2:11 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,**
“MARANATA” = JESUS KOM SPOEDIG TERUG !

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

